| Verslagwaardig : | JA / NEE |
|---|---|
| Sirkuleer Aan Regters: | JA / NEE |
| Sirkuleer aan Streeklandroste | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA / NEE |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: / Case number: **CA&R 69/07**
Datum verhoor: / Date heard: **29/10/2007**
Datum gelewer: / Date delivered: **02/11/2007**

In die appËl:
[2.1]

**ABRAHAM MODISE** Appellant

teen

**[2.2] DIE STAAT**

**Respondent**

(i)
*(ii)Coram: Lacock R et Mokgohloa WnR*

## [2.3] UITSPRAAK OP APPÈL

**(a)LACOCK R:**

1] Die appellant is in die Streekhof skuldig bevind aan verkragting en twee aanklagtes van aanranding met die opset om ernstig te beseer, en is op dieselfde dag gevonnis tot 15 jaar gevangenisstraf op die verkragting, en 5 jaar gevangenisstraf op elk van die aanrandingklagtes. In totaal is hy dus gevonnis tot 25 jaar gevangenisstraf.

Verlof is deur **Majiedt R** aan die appellant verleen om appËl teen sy vonnis aan te teken.

2] Die appellant is daaraan skuldig bevind dat hy op 27 April 2000 die 27-jarige me. Patricia Mtingwa in ‘n begraafplaas verkrag het nadat hy haar op die grond laat val, haar damesbroekie van haar afgeskeur het en gedreig het om haar met ‘n mes te steek.

Nadat hierdie klaagster huilend die gebeure aan haar vriendin, me. Ellen Phiri (40 jaar oud) meegedeel het, en hulle op pad was om ‘n klagte by die Polisie aanhangig te maak, het die appellant hulle genader en eers vir me. Phiri met ‘n mes gesteek en daarna ook vir me. Mtingwa. Vandaar die klagtes en skuldigbevindings aan aanranding met die opset om ernstig te beseer.

Me. Phiri is een hou onder haar linker bors gesteek, en twee in haar kop.  Sy is aangeval deur die appellant terwyl sy ‘n 7-maande oue baba op haar rug gedra het.  Na die voorval is haar wonde in die hospitaal behandel waar dit onder andere met hegsteke geheg was.

Die appellant het me. Mtingwa een hou met die mes in haar nek gesteek en een hou in die rug.  Ook sy is gehospitaliseer en is haar wonde met hegsteke geheg.

3] Adv. Birch namens die Staat gee toe dat die kumulatiewe effek van die opgelegde vonnisse tot gevolg het dat aan die

appellant ‘n totaal skokkend swaar en onvanpaste vonnis opgelÍ is. Beide advokate betoog dat ‘n gepaste vonnis een sou wees waarin gelas word dat die vonnisse opgelÍ op die aanrandingklagtes saam uitgedien word met die vonnis die appellant opgelÍ op die aanklag van verkragting. Ek stem hiermee saam.

[31] Die minimum voorgeskrewe straf kragtens die toepaslike voorskrifte van Wet 105 van 1997 vir die verkragting gepleeg deur die appellant is 10 jaar gevangenisstraf. ‘n Vonnis van 15 jaar gevangenisstraf vir hierdie oortreding is ‘n swaar vonnis. Die verkragting op me. Mtingwa kan beslis nie aangemerk word as een van die mees ernstige vorms van verkragting nie. Nietemin is die vonnis, veral met in agneming die vorige veroordelings van die appellant naamlik onder andere drie van roof, nie so swaar dat dit as sigself as skokkend onvanpas inmenging deur hierdie Hof regverdig nie. Ook die vonnisse die appellant opgelÍ op die aanrandings is swaar vonnisse, hoewel geregverdig. Indien egter in ag geneem word dat al hierdie oortredings gepleeg is binne ‘n kort tydsverloop, en dat die aanrandings gepleeg is toe dit vir die appellant geblyk het dat hy ‘n klagte van verkragting in die gesig sou staar, en hy waarskynlik in ‘n toestand van paniek gehandel het, meen ek dat ‘n periode van 25 jaar gevangenisstraf vir die drie oortredings saam skokkend swaar en

onvanpas is.

4] Volledigheidshalwe wys ek daarop dat die Landdros in sy uitspraak geen oorweging gegee het aan die vraag of daar wesenlike en dwingende omstandighede aanwesig was wat hom sou regverdig om ‘n mindere vonnis dan die voorgeskrewe minimum vonnis kragtens Wet 105 van 1997 op te lÍ nie. In die lig van adv. Fourie se toegewing dat geen sodanige omstandighede aanwesig is nie en dat die opgelegde vonnis geregverdig was, is dit nie nodig om verder met hierdie oënskynlike onregmatigheid te handel nie. Geen benadeling het hieruit vir die appellant voortgevloei nie.

5] Bygevolg word die volgende bevel hierin verleen:

**A. Die skuldigbevindings en die vonnisse die appellant opgelê word bekragtig.**

**B. Dit word gelas dat die gevangenisstraf die appellant opgelê op aanklagtes 2 en 3 (synde die aanrandings met die opset om ernstig te beseer) gelyktydig en samelopend uitgedien word met die vonnis van 15 jaar gevangenisstraf opgelê ten aansien van aanklag 1 naamlik dié van verkragting.**

**C. Paragraaf B van hierdie bevel word terugdateer na**

**7 Maart 2001.**

____________________

1) HJ Lacock

**[2.4] REGTER**

Ek stem saam.

____________________

1) FE Mokgohloa

**[2.5] WAARNEMENDE REGTER**

**Namens appellant:** **Adv T Fourie (Regshulpsentrum, Kimberley**

**Namens respondent:** **Adv T Birch (Kantoor van die DOV, Kimberley)**